Rata

MAATSKAPLIKE DIENSTE

# NHKA Algemene Diakensvergadering in samewerking met Rata Maatskaplike Dienste NPC inligtings geleentheid.

Maatskaplike Dienste aan die Gemeenskappe

Woensdag 12 Februarie 2025

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK AFRIKA
Diakens

Zoom Reëls
**“mute’” asb jou** mikrofoon vir die duur van die aanbieding
Steek jou hand op vir spreekbeurt
**“unmute” sodra toestemming** verleen is vir spreekbeurt


Rata Social Services NPC Registration: 2001/002289/08
NPO Registration: 001-618

# Agenda

1. Opening: Ds Gerhard Stoltz
   ADV Sekretaris & Rata Voorsitter
2. Dienste aanbieding: Mev Nicolene Cordier
   Assistent Direkteur: Rata
3. Vra tyd: Andries Pretorius
   Tesourier: Rata
4. Afsluiting: Dr Martin van Rensburg
   Sekretaris: Rata & ADV Kommissie

Rata Maatskaplike Dienste NPC se dienste word soos volg onderskei:

1. Statutêre dienste soos ooreengekom met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development DSD) ten opsigte van Kinderbeskerming. Rata is geregistreer as ‘n Child Protection Organisation (CPO)

2. Professionele maatskaplike dienste soos deur die Raad op Maatskaplike werkers bepaal, word deur Rata se maatskaplike werkers aan individue, besighede en ander organisasies gelewer.

Rata onderskryf en verseker dat dienste gelewer aan alle wetlike en professionele standard voldoen.

# Dienste gelewer aan individue, besighede en ander organisasies

1. Vorm 30.

Doel: navraag om vas te stel of ‘n persoon se naam ingesluit is in Afdeling B van die Nasionale Kinderbeskermingsregister. Alle persone wat met kinders werk is veronderstel om ten opsigte hiervan gekeur te word.

Wie: alle persone wie direk kontak het met kinders.

Diens word per e-pos en aanlyn gelewer.

## 2. **Aannemings:**

Doel: berading van die biologiese ouer(s) van die kind en waar van toepassing, die kind.

- berading en ondersoek t.o.v die betrokke kind om vas te stel of die kind inderdaad aanneembaar is en keuring van applikante wie aansoek doen om aanneming en of hulle geskik is om 'n kind aan te neem.
- 'n assessering van 'n kind deur 'n aannemings maatskaplike werker in terme van die Kinderwet.

- -‘n assessering van ‘n voornemende aanneemouer deur ‘n aannemings maatskaplike werker deur die versameling van inligting t.o.v die voornemende aanneming soos uiteengesit in die Kinderwet, Wet 38/2005.
- Die samestelling van ‘n aannemings verslag soos voorgeskryf deur die Kinderwet, Wet 38/2005.

Wie: alle persone wat belangstel om ‘n kind wettig aan te neem (dit sluit onder andere stiefouer aannemings, oop en geslote aannemings in).

## 3. Erflatings ondersoek:

**Doel:** ‘n ondersoek wat deur die hof of regsverteenwoordigers verwys word om vas te stel wat die omstandighede van die oorledene se naasbestaandes is en of hulle kwalifiseer vir die nalatenskap van die oorledene. ‘n Verslag en aanbeveling word voorsien aan die hof.

**Wie:** naasbestaandes word gewoonlik verwys deur die hof en regsverteenwoordigers.

## 4. Mediasie en ouerskapsplanne:

**Doel:** Mediasie: dienste as ‘n neutrale tussenganger, die tussenganger help die betrokke partye om ‘n gedeelde ooreenkoms te bereik t.o.v hulle geskil. Die ooreenkoms word opgeneem en ‘n bevel van die hof gemaak.

Ouerskapsplan: Samestelling van ‘n ooreenkoms, gewoonlik na ‘n mediasie sessie/sessies wat die samewerkings ooreenkoms tussen twee ouers van kinders daarstel, wat by hof ingedien word en ‘n bevel van die hof gemaak word.

**Wie:** partye word gewoonlik deur regsverteenwoordigers en howe verwys vir mediasie sessies en ouerskapsplanne.
Diens kan ook aanlyn gelewer word.

## 5. Toesigbesoeke:

**Doel:** supervisie van besoeke tussen kind(ers) en ‘n biologiese ouer, waar ‘n ouer toegelaat word om tyd saam met die kind(ers) te spandeer, slegs onder toesig van ‘n maatskaplike werker wat sodoende die interaksie kan monitor.

**Wie:** ouers, kinders en naasbestaandes wat agv geldige redes onder toesig van ‘n maatskaplike werker moet besoek.

## 6. Ouerleiding:

**Doel:** aanbieding van ‘n ouerleidingsprogram om effektiewe ouerskap te bewerkstellig, waar ouers ‘n goeie verhouding met hulle kinders het, dit sluit effektiewe dissiplineringsmetodes in en handhawing van supervisie oor kinders in, gepas volgens hulle ontwikkelingsfase.

**Wie:** ouers of bestaande kliënte wat ‘n ouerleidingsprogram moet ondergaan om te nodige vaardighede op te doen om effektiewe ouerskap te behartig.

Diens kan ook aanlyn gelewer word.

## 7. Berading:

**Doel:** Terapeutiese dienste wat fokus op ‘n hulpverlenende benadering wat die emosionele en intellektuele ervaring van die kliënt beklemtoon, asook hy/sy se gevoelens en denkwyse t.o.v ‘n probleem waarvoor hulle hulp soek insluit.

**Wie:** enige persoon/kind wat terapeutiese insette benodig weens traumatiese ervarings.

Diens kan ook aanlyn gelewer word.

## 8. Forensiese ondersoeke en verslae:

**Doel:** behels ‘n proses van forensiese assesserings deur die benutting van forensiese maatskaplike werk kennis, tegnieke en hulpmiddels ten einde ‘n forensiese verslag saam te stel wat feite en bewysstukke bevat wat aangewend kan word in hofverrigtinge.

**Wie:** ‘n kind wat beweerdelik blootgestel is aan enige vorm van mishandeling of seksuele misbruik word verwys om die bewering te bevestig of te elimineer.

## 9. Sosio-emosionele assessering en verslae:

**Doel:** uitvoering van ‘n assessering wat fokus op die sosiale en emosionele aspekte wat belangrik is om die individu se groei en struikelblokke wat voorkom uit te wys. Dit word ook na verwys as ‘n persoonlikheids assessering.

**Wie:** ‘n kind wat verwys word om sy sosio-emosionele funksionering te bepaal en op grond daarvan ‘n behandelingsprogram op te stel.

## 10. Dienste aan bejaardes:

**Doel:** ondersoek t.o.v die betrokke bejaarde se sosio-emosionele omstandighede en aansoek om opname in ‘n Tehuis vir Bejaardes.

Welstand besoeke word ook gedoen om sodoende ondersoek t.o.v die bejaarde persoon se welstand vas te stel en sluit ‘n vorderingsverslag aan naasbestaandes in.

**Wie:** kinders, tehuise vir bejaardes en naasbestaandes van bejaarde persone nader die organisasie in die verband.

## 11. Herkomsnavrae:

**Doel:** hulp t.o.v die opsporing van die biologiese ouer(s) of kind wat aangeneem is wanneer die kontak in die individu se beste belang is. Dit behels ook die fasilitering van die eerste kontak.

**Wie:** Biologiese ouers van aangenome kind, aangenome kind self en ook soms die aanneemouers.



Dienste inligting is beskikbaar op Rata se webblad

https://rata.org.za/services/

Tariewe vir die onderskeie dienste is ook beskikbaar by die “dropdowns” op bogemelde skakel

Webinaars https://rata.org.za/webinars/upcoming-webinars/

Doel: Rata bied ‘n reeks bekostigbare webinaars aan verskeie professionele persone wat onder andere maatskaplike werkers, maatskaplike hulpwerkers, Kinder-en Jeugsorgwerkers, onderwysers, beraders, arbeidsterapeute en spraakterapeute insluit. CPD punte word ook toegeken aan elke webinaar.

Die volgende webinaars word aangebied in 2025:

- Child sexual abuse – the issue of grooming – 19 Februarie
- The importance of collateral investigations – 19 Maart
- Mediation/care & contact – 16 April
- Social work with children with mental illnesses and special needs – 21 & 22 Mei
- Services to children with acting out behaviour – 18 Junie
- Children in the LGBTQ community – 16 & 17 Julie
- Correctional Social Work – 17 & 18 September
- Child Cyber Abuse – 29 Oktober

# Kontakbesonderhede:

Alle kantore se besonderhede is beskikbaar op die webblad

https://rata.org.za/contact/

Mev Nicolene Cordier
nicolene@rata.org.za

Ds Gerhard Stoltz
gerhard@nhk.co.za

Baie dankie vir julle deelname en volgehoue ondersteuning!

Word deel van die [Rata Virtual Care Community](#)
Vra jou vrae hier.

Verseker **‘n kind se** toekoms.
Maak **‘n** donasie